# Inligting gesoek oor Otters in Afrika


**Wêreldwyd kom daar 13 otterspesies voor. Die meeste van hulle word bedreig. As top-roofdiere in 'n verskeidenheid waterryke habitatte is otters uitstekende ambassadeurs of aanduiers van vleilande. Vier otterspesies kom in Afrika voor, maar min is bekend oor hulle.**


## Kaapse groototter

Kom suid van die Sahara in die meeste dele vam wes, oos, en suidelike Afrika voor.



Foto: Caterina Carugati






## Kongo groototter

Beperk tot die Kongo-bekken.





Foto: Urs Rahm








## Kleinotter

Kom suid van die Sahara in die meeste dele van wes, sentraal en suid-oos Afrika voor.



Foto: Claus Reuther








## Eurasiese otter

In Afrika beperk tot Algerië, Marokko, en Tunisië, noordwes van die Sahara.



Foto: Aktion Fischotterschutz






**Die Otter-spesialisgroep van die Spesies Oorlewingskommissie (SSC) van die IUCN (Wêreldbewaringsunie) in samewerking met die Duitse Vereniging vir Otterbewaring (Aktion Fischottershutz) en die WWF (Wêreldwye Fonds vir die Natuur) Suid-Afrika het begin met 'n inisiatief om kennis oor die verspreiding van otters in Afrika te verbreed. Ons vra u vriendelik om hierdie poging te ondersteun deur inligting oor otter-waarnemings te verskaf.**

IUCN/SSC OTTER SPECIALIST GROUP

Aktion Fischotterschutz

WWF

mazda Wildlife Fund

**Die groototters**

Omdat dit moeilik is om tussen die twee groototters (15 tot 25 kg) te onderskei sonder heelwat ondervinding, en omdat die onderskeidingskenmerke nog nie heeltemal duidelik is nie, word die twee soorte saam behandel. Hulle kan as volg beskryf word:



Foto: David Rowe-Rowe

**Linker voorpoot** (werklike grootte)







Foto: Caterina Carugati



Foto: David Rowe-Rowe



Foto: Claus Reuther

**Kaapse groototter** (*Aonyx capensis*): Pels op bodele donker sjokoladebruin, grys-bruin of ligte geelbruin. Maag ligter. Ken, keel, bodeel van bors, kante van nek, en wange tot net onder oë en ore wit of naaswit. Snorbaarde lank en talryk. Voorvoete sonder kloue of webbe; agtervoete geweb tot by 2e lit, met rudimente van naels op 2e, 3e en 4e tone. Boonste grens van rhinarium (neus) gerond of V-vormig.

**Kongo groototter** (*Aonyx congicus*): Liggamskleur 'n diep sepia. Bors, keel, ken, kant van kop en neus wit; ore met wit rande; 'n prominente swart kol, met wit omring, kom tussen die oë en neusgate voor. Hare op kop en nek met duidelike wit punte. Snorbaarde korter en yler as dié van die Kaapse groototter. Voete soos dié van die Kaapse groototter. Boonste grens van rhinarium (neus) reguit.

**Linker agterpoot** (werklike grootte)







Foto: Christian R. Schmidt



Foto: Urs Rahm





Foto: Christian R. Schmidt



Foto: Urs Rahm

**Linker voorpoot** (werklike grootte)




**Die kleinotter** (*Lutra maculicollis*)
'n Klein, vaartbelynde otter. Liggaam donkerbruin. Roomkleurige of wit kolle (aantal varieër) kan op keel en nek voorkom, anders egalig donkerbruin. Soms is die lippe wit. Webbe kom voor tussen al vyf tone (wat kloue bevat) van al vier voete.



Foto: Claus Reuther

**Linker agterpoot** (werklike grootte)







Foto: Claus Reuther



Foto: Claus Reuther



Foto: Claus Reuther

As u belangstel om saam te help met die bewaring van otters in Afrika kontak asb.

Prof. Jan Nel
Koordineerder vir Afrika
IUCN/SSC Otter- spesialisgroep
Departement Soölogie
Universiteit van Stellenbosch
Privaatsak X1, Matieland
7602 SUID AFRIKA
Faks: +27-21-808 2405
e-pos: jan@maties.sun.ac.za

Dr. Hélène Jacques
Streeksverteenwoordiger,
Frans-sprekende Afrika lande
IUCN/SSC Otter-spesialisgroep
13, place de Verdun
38320 Eybens
FRANKRYK
Faks: +33-476-62 07 17
e-pos: h.jacques.otter@wanadoo.fr

Claus Reuther
Voorsitter, IUCN/SSC Otter-spesialisgroep
Aktion Fischottershutz e.V.
OTTER-ZENTRUM
29386 Hankensbüttel
DUITSLAND
Faks: +49-5832-980851

# Het u otters gesien?

**Waar is die otter(s) gesien?**
Gee die geografiese koordinate van die lokaliteit (gee ook die geografiese datum waarna u kaart/GPS verwys), óf t.o.v. 'n stad/dorp/berg (iets wat op 'n kaart aangedui word) bv. Visrivier 10 km N van Tses, Namibia

______________________________

**Wanneer is die otter(s) gesien?**
Datum (dag/maand/jaar); tyd van dag (dag,nag, sonsondergang, sonsopkoms)

______________________________

**In watter soort habitat is die otter(s) gesien?**
☐ rivier ☐ moeras/vlei ☐ meer ☐ seekus (merk asb met 'n X)

**Hoeveel otters is saam gesien?** ① ② ③ ④ ⑤ ◯ (merk asb. met 'n X of verskaf getal)

**Wat is die algemene name vir die verskillende otterspesies?**

Eurasiese otter: ______________ Kleinotter: ______________

Groototter: ______________ Otters in die algemeen: ______________

Taal/dialek: ______________ Land/streek: ______________

**Ondervind u, of is daar in u gebied, probleme met otters?**

Eet hulle vis wat u probeer vang? ☐ Ja ☐ Nee (merk asb. met 'n X)

Beskadig otters u visnette of fuike? ☐ Ja ☐ Nee (merk asb. met 'n X)

Verskaf asb. bykomende inligting ______________

**Word enige otter-produkte (velle/vleis) in a lokale markte verkoop?** ☐ Ja ☐ Nee (merk asb. met 'n X)

**Is die inligting hierbo verskap gebasseer op waarnemings** ☐ van u eie ☐ van lokale inwoners?

**Die Eurasiese otter** (*Lutra lutra*)

Pels deurgans donkerbruin. Keel- en/of onderste lipgebied grys tot wit. Grys, wit of geel merke, van 'n kenmerkende vorm, kom op die keel voor. Webbe tussen al vyf tone (wat kloue bevat) van al vier voete. Sterk snorbaarde. Boonste grens van die swart en haarlose rhinarium (neus) vorm 'n "W".



Foto: Claus Reuther



Foto: Claus Reuther




Foto: Claus Reuther




Foto: Claus Reuther

**Linker voorpoot** (werklike grootte)




**Linker agterpoot** (werklike grootte)




**Sender:**

Voornaam ____________________

Van ____________________

Affiliasie/posisie ____________________

Posadres ____________________

Faks no. ____________________

e-pos adres ____________________

☐ Stuur asb. vir my nog brosjures

☐ in Engels ☐ in Frans ☐ in Portugees

( ____ kopieë) ( ____ kopieë) ( ____ kopieë)

Stuur asb. hierdie brosjure ook na

**IUCN/SSC**
**Otter-spesialisgroep**
**OTTER-ZENTRUM**
**29386 Hankensbüttel**
**DUITSLAND**

© 2002
IUCN/SSC Otter-spesialisgroep
p/a Aktion Fischotterschutz e. V.
OTTER-ZENTRUM
29386 Hankensbüttel
DUITSLAND
e-pos: afs@otterzentrum.de

Redaksie: Claus Reuther, Jan Nel, Dave Rowe-Rowe
Franse vertaling: Hélène Jacques, Francois Moutou
Portugese vertaling: Anabella Trindade

Hierdie brosjure is beskikbaar in Engels, Frans en Portugees.

Dit kan ook vanaf die internet afgelaai word as 'n pdf leêr (www.otterzentrum.de/osg/africanotters/htm)

Die druk van hierdie brosjure is ondersteun deur 'n ruim skenking van WWF Suid-Afrika